’n Mamma knoop

Wanneer laas het jy regtig na ’n knoop gekyk? Daar is soveel verskeie soorte, groottes, vorms en kleure. Elkeen het ’n spesifieke doel en gebruik.

Sommer vroeg-vroeg wil kinders self hulle knope vasmaak. Dink aan jou skooluniform. Daar is verseker ook ’n knoop iewers aangewerk en dit is net op die regte plek! Sonder ’n knoop aan jou skool hemp of broek sou jy al baie ongemaklik gevoel het.

Het jy geweet? Die oudste knoop is in Pakistan gevind. Dit is gemaak van 'n geboë skulpdop en ongeveer 5000 jaar oud. ’n Knoop se grootste werk is om 2 stukke materiaal aanmekaar te hou of te heg. Kyk weer na jou knope op een van jou kledingstukke. Dink jy ’n ander knoop sou beter by die kledingstuk gepas het? Nee verseker nie... ’n ander knoop sou dalk te groot of te klein wees.

Mammas is soos knope. Hulle hou alles bymekaar en pas perfek, al is elke mamma verskillend.

Wat dink jy kan die beste geskenk wees vir jou *knoop*-mamma?
Die Bybel leer ons dat die beste geskenk ooit, is om jou mamma te **eer.** Dit beteken om respek te hê vir haar in die huis en buite die huis voor ander mense. Dit beteken jy luister na haar, praat mooi met haar, doen wat sy vra en doen sommer ekstra, al vra sy dit nie.

Ons lees in Deut. 5:16: *“Jy moet jou ouers respekteer, die Here het vir jou gesê om dit te doen. Dan sal jy lank lewe en dit sal goed gaan met jou in die land wat jou God die Here vir jou gee.”* ’n Besondere manier waarop jy jou mamma kan eer, is natuurlik om **te bid vir haar**. Dit is ‘n pragtige manier om jou mamma te eer.

Ons lees van baie mammas in die Bybel. Sommige van hulle het die Here gevolg, ander het nie. Baie word onthou omdat hulle baie lief was vir God en vir hulle kinders. Hulle was die knope wat God gebruik het.

Naomi was so ’n besonderse knoop-mamma, want sy was nie Rut se regte mamma nie, maar sy was die knoop om Rut van God te leer en om vir Boas en Rut bymekaar te bring. Kyk na die video van Naomi en Rut by https://www.youtube.com/watch?v=UTZjvMzXQs4&t=81s of lees weer die verhaal in jou kinderbybel om te sien hoe God mammas gebruik om Sy wil te doen.

Ek wil God volg soos Naomi

Het jy geweet God gee vir ons baie verskillende knoop-mammas in jou lewe? By elkeen leer ons iets.

- Jou Klas juffrou
- Jou Nasorg Tannie
- Jou Ouma
- Jou “Nanny”
- Jou Sondagskool Tannie
- Jou Sport Afrigter

Onthou: om ook vir dié knoop-mammas dankie te sê.

Dankie, Jesus dat my mamma lief is vir U.

1	Lea
2	Rebekka
3	Sara
4	Jogebed
5	Eva
6	Batseba
7	Hanna
8	Eunice
9	Maria Magdalena
10	Elisabet
11	Rut

A	Johannes die Doper (Luk. 1:57
B	Abel (Gen. 4:1-2)
C	Salomo (2 Sam 12:24)
D	Obed (Rut 4:16-17)
E	Samuel (1 Sam 1:20)
F	Jakob (Gen. 25:28)
G	Jesus (Matt. 1:16)
H	Timoteus (2 Tim 1)
I	Isak (Gen. 17:19)
J	Moses (Num. 26:59)
K	Juda (Gen. 29:32-35)

Bybel Quiz

Verbind mammas by die kinders.

Knoop-gebed saam met jou familie

Jy benodig: 'n hopie knope van verskillende groottes, kleure en gaatjies in die knope. Gee vir elke persoon 'n knoop.

1. Voel die hardheid van die knoop en bid vir almal wat deur 'n moeilike tyd gaan.
2. Knope se werk is om klere bymekaar te bring. Bid vir mense wat vêr van hulle gesinne is. Bid vir mense wat baklei en kwaad is. Bid vir vrede in die huise.
3. Tel hoeveel gaatjies jou knoop het. Gebruik die getal om vir God dankie te sê.
4. Kyk na die kleur van die knopie en sê dankie vir God vir iets wat daardie kleur is.
5. Soek iemand met dieselfde kleur knoop as jy. Bid vir daardie persoon. Vra die Here om die persoon te seën.
6. Soek iemand met 'n ander kleur, vorm, grootte of hoeveelheid gaatjies. Dank die Here dat Hy almal verskillend gemaak het en almal verskillende talente gegee het. Bid vir die persoon wat jy gevind het.

MOTHERS OF THE BIBLE CROSSWORD

P	Q	W	E	R	T	J	O	C	H	E	B	E	D	R	F
E	H	F	G	F	E	C	D	C	F	V	G	B	N	H	J
J	O	A	C	G	D	E	A	A	F	R	C	V	R	G	B
F	P	T	R	E	B	E	K	A	H	Y	I	I	S	N	M
E	O	G	Y	A	U	U	Q	U	O	U	P	K	A	J	K
F	L	F	H	Y	O	Y	W	H	L	T	I	J	R	U	I
G	K	V	R	A	C	H	E	L	P	R	U	M	A	I	J
E	I	B	J	U	H	I	S	U	U	D	J	N	H	M	N
V	U	N	E	A	C	K	T	D	R	E	K	H	O	H	H
E	J	J	N	M	V	J	Y	M	A	F	L	G	K	G	M
D	G	N	D	A	I	K	U	J	E	U	O	B	J	F	A
E	A	R	F	R	M	L	I	U	R	H	G	N	U	N	R
H	A	E	B	I	O	O	O	J	F	Y	T	H	K	M	Y
E	E	L	I	Z	A	B	E	T	H	G	H	Y	T	R	M
S	F	G	B	Y	N	L	M	P	O	I	J	H	G	E	K
F	H	J	L	O	M	N	B	V	C	S	D	E	R	F	R

EVE
SARAH
REBEKAH
RACHEL

JOCHEBED
PHARAOHS DAUGHTER
NAOMI
HANNAH

ELIZABETH

MARY